## AFDELING A: TRANSAKSIONELE TEKS
## VRAAG 1

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en skryf 'n transaksionele teks tussen 160 – 180 woorde lank. Skryf die **nommer en die titel** van die teks wat jy gekies het, neer.

### 1.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Skryf 'n brief aan een van jou onderwysers wat 'n goeie indruk op jou gemaak het.
Vertel hom/haar waarom jy hom/haar as rolmodel beskou en eendag sal poog om dieselfde kwaliteite in jou lewe na te streef.

(20)

**OF**

### 1.2 FORMELE BRIEF: AANSOEKBRIEF

Skryf 'n **AANSOEKBRIEF** oor die volgende onderwerp:
Jy voldoen aan die vereistes wat in die advertensie gestel word en jy wil aansoek doen vir die werk.

Gebruik die volgende advertensie en adres soos aangedui en skryf 'n **AANSOEKBRIEF.**

JOU PLAASLIKE RADIOSTASIE WAAR JONGMENSE EERSTE KOM!

*WAGGIES FM*



Het 'n pos vir 'n dinamiese tiener DJ van 'n splinternuwe musiekprogram vir alle Waggies.

**Rig aansoeke aan:**

Direkteur: Jeugprogramme
Waggies FM
Posbus 1
Benoni
1234

**Vereistes:**

Ouderdom: Tussen 15 en 18 jaar
Besondere kennis van modern musiek
Ondervinding in die hantering van klank
Beskikbaar in pouses en 'n uur na skool
Goeie menseverhoudinge

**Sluitingsdatum: 30 Oktober 2022**
Kandidate op die kortlys sal genooi word om 'n kans te kry om hulle DJ vaardigehede ten toon te stel.

(20)

**OF**

### 1.3 DIALOOG

Jy en jou vriend/vriendin het onlangs 'n uitval gehad en jy wil vrede maak.
Skryf die DIALOOG tussen die twee van julle neer.

(20)

**TOTAAL AFDELING A: [20]**
**GROOTTOTAAL : [20]**

